

Qua Vadis?

EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

NR. 183

(Februarie 1984)

Christus, my naaste en ek

* * * * *

"Dra mekaar se laste, en gee op dié manier
uitvoering aan die wet van Christus"

(Galasiërs 6:2)

Uitgegee deur die Deputate vir Evangelisasie van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522, Potchefstroom en gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Posbus 156, Potchefstroom 2520.

Christus . . . Draer van ons laste

Ons leef in moeilike tye. Mense sug teenoor mekaar.

Droogtes, beproewinge, rampe, nood, vyandskap en agterdog is aan die orde van die dag.

Ouers is bekommerd oor hul kinders.

Ons is mense wat laste dra.

Daarom gaan dit ons verstand te bowe, dat mense nog by ons ook kom kla. Elkeen kan ook maar net kla, alewig kla.

Hoekom kom hulle nooit as daar vreugde is nie? Redeneer u nie ook maar so nie?

Dit is egter so omdat ons as mense op mekaar aangewys is. Ons soek, deur daaroor te praat, 'n bietjie verligting vir ons loodswaer gemoed. Iemand om my las te help dra.

Die sondige bestaan laat my soek en smag na iemand wat net kan verstaan en begryp. Die Bybel leer ons ook dat ons mekaar se laste moet dra, so lees ons in Gal. 6:2.

Die lewenslas maak ons lewensmoeg.

Dit is omdat u en ek, geagte leser, deur ons sonde soekend is na 'n lasdraer om ons sondelas te dra. Ons wil dit nie altyd erken nie, veral nie as ek in my sonde voortploeter nie. 'n Erkenning lyk dan te veel na swakheid.

Hoeveel keer kla ek nie my lot by 'n ander mens nie? Maar God weet dit ook. Hy ken van ver my gedagtes. Daarom roep HY so dringend na ons met 'n uitnodiging: "Kom na My toe, almal wat uitgeput en oorlaai is, en ek sal julle rus gee." (Mat. 11:28).

God wil nie dat ons onder ons lewenslas beswyk nie. Hy roep ons na Hom toe sodat ons dit in gebed vir Hom moet sê. As ek dit doen word my las dadelik draaglik.

Moenie jou toevlug neem na drank, dwelms of selfmoord nie. Dit is geen oplossing nie, maar maak die ewigheidslas net swaarder.

Wanneer laas het jy jou las op God gewerp in die gebed? Het jy dalk al vergeet dat Christus gekom het om die totale las van elkeen van ons te kom dra?

Hy sê "almal" wat uitgeput en oorlaai is. Dit is 'n oop deur na ons almagtige GOD. Jy is welkom om te kom. Dit is tog die rede waarom HY aan die kruis gesterf het. Hy het ons las, wat geweldig swaar is, op Hom geneem. Hy het ons juk, wat so ontsettend hard is dat dit jou skaaf en knaag en in jou invreet, op Hom geneem en dit gedra.

Hy het dit klaar gedoen!

Christus het onder daardie geweldige sondelas bloed gesweet. (Luk. 22:45) Waarom wil jy dit ook nog dra? Vertrou jy Christus dalk nie? Toe Jesus Christus ook jou las voor God die Vader gedra het en jou met jou hemelse Vader versoen het, het Hy mos klaar in jou plek geroep: "Dit is volbring!"? (Joh. 19:30). Daarom sê Hy dan ook aan jou: "Neem MY juk op julle. My juk is sag en My las is lig." (Mat. 11:29, 30)

Neem die uitnodiging aan. Wees vrymoedig.

Werp jou las op Christus Jesus en sê dankie.

Ds. Andries H. Mulder.

Dra mekaar se laste

"Is ek my broer se wagter?" — Só vra Kain aan God . . . die vraag van die eerste moordenaar op aarde . . .

- moet ons mekaar se belange bevorder?
- moet ons mekaar se laste help dra?

Ja, sê Paulus in Galasiërs 6:2: "Dra mekaar se laste en vervul só die wet van Christus." En weet jy, die kerk se pragtige geloofsbelydenis sê onder andere: "Ons glo in die gemeenskap van die heiliges". Dit beteken doodeenvoudig dat mense:

- op mekaar aangewese is . . .
- mekaar nodig het . . .
- mekaar moet help . . .
- mekaar se laste moet help dra.

O ja, ek is my broer se wagter!

Maar nou kan jy sekerlik dadelik vra: Wat is die laste wat ons van mekaar moet dra? Dit bedoel sekerlik gunstige, maar ook ongunstige omstandighede soos byvoorbeeld armoede, beproewing, swaarkry, hartseer en pyn.

Dit bedoel:

- jou teenwoordigheid by 'n diep bedroefde
- 'n stewige handdruk as blyk van meelewing
- 'n geopende oor wat luister na 'n sugtende mens
- 'n woord van bemoediging
- 'n besoekie in die hospitaal by 'n sieke
- 'n vertroostende woordjie aan 'n gebrokene van gees
- 'n glimlag saam met 'n vrolike mens
- 'n gebed in tye van nood of vreugde . . .

Dit is daardie klein dingetjies in die lewe wat ander moet en krag gee en só help ek hom dra aan sy laste en help hy my dra aan myne. Want hierdie lewe, geliefde leser, dis mos géén paradyslewe nie. Dis mos géén volmaakte wêreld nie. Die barste van die sonde loop elle-dik deur elke mens se lewe — joune en myne. En dink jy mense kan sonder mekaar bestaan? Hoe maklik gebeur dit nie? Dis so maklik dat mense by mekaar verby lewe. Elkeen is elke dag só besig met sy eie dinge . . . só besig om sy eie las te probeer voortsleep . . . só besig dat jy vergeet ander kan jou help en jy kan weer ander help!

Beskuldigings en verwyte, haat en nyd — dis maklik . . . maar 'n woord van troos . . . 'n hand wat help?

Juis daarom sê Paulus in Gal. 6: "Dra mekaar se laste en vervul só die wet van Christus". En wat is die wet van Christus? Liefde . . . liefde tot God en liefde tot my naaste. Ja, die wet van Christus is . . . die liefde van Christus . . . die Evangelie van verlossing in Christus . . . die Evangelie van die kruis op Golgota.

Jesus Christus het jou laste gedra — jou sondelas. Hy het jou, wat glo, verlos. Hy het jou verlos van die grootste las van alle laste: Die las van die sonde en die hel.

En nou het jy 'n roeping, 'n Goddelike roeping en opdrag, maar ook 'n Goddelike voorreg, naamlik om 'n ander se laste te help dra. En doen jy dit, dan vervul jy jou roeping. Dan is jy gehoorsaam en weet jy wat die uitnodiging van die Here beteken: "Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee". (Matt. 11) Christus dra my las. Ek dra jónu las. Jy dra my las. En só vervul ons die wet van Christus, en ervaar ons Sy rus.

Ds. Nico Ligthelm.

Ek en my naaste

Dit is 'n eenvoudige werklikheid dat ons as mense elke dag met mekaar te doen het — en dit onder 'n groot verskeidenheid van omstandighede. En die manier waarop 'n gelowige met sy naaste moet omgaan is op die basis van liefde.

Die liefde wat God aan ons bewys het deurdat Christus in ons plek gesterf het, moet die kind van God in die praktyk van sy lewe tot uitdrukking laat kom. Op alle terreine van jou lewe moet jy jou naaste met liefde bejeën. Maar hoe doen 'n mens dit? Kom ons let op enkele praktiese beginsels.

Taal

Elke dag praat ons tog met mekaar — met minderes, met meerderes, met gelykes. Tog bly die beginsel van Kol. 4:16 onder alle omstandighede van krag: "Wat julle sê, moet altyd vriendelik wees en van goeie smaak getuig; en julle moet weet hoe julle elkeen behoort te antwoord." Omdat ons almal vol sonde is en niks kan doen wat goed is nie, moet ons deeglik ag slaan op Jak. 1:19: "Elke mens moet maar te gewillig wees om te luister, nie te gou praat nie en nie te gou kwaad word nie." So spreek ook die Spreuke digter in duidelike taal: "Wie 'n oortreding bedek, soek liefde; maar hy wat 'n saak weer ophaal, skei vriende van mekaar." (Spreuke 17:9).

Huwelik

Die huwelik is 'n wonderlike ervaring, maar tegelyk ook 'n baie sensitiewe deel van 'n mens se lewe. Die huwelik kan 'n teelaarde van 'n magdom probleme word. Dit is dus belangrik om die Bybelse beginsels op hierdie vlak van 'n mens se lewe daadwerklik uit te leef.

Die Woord van God sê: "Die mans behoort hulle eie vroue lief te hê soos hulle eie liggame" (Ef. 5 : 28). En die man moet sy vrou voed en versorg.

Veral in die huwelik word ons opgeskerp om te maak soos Fil. 2:3, 4 sê: "Moet niks uit selfsug of eersug doen nie, maar in nederigheid moet die een die ander hoër ag as homself. Julle moet nie net elkeen aan sy eie belange dink nie, maar ook aan die van 'n ander."

Die enigste waarborg wat ons het om 'n gelukkige huwelik te hê is om te doen soos God in Sy Woord vir ons sê wat ons moet doen.

— God het immers die huwelik ingestel.

Beproewing

As iemand baie siek is, of in groot finansiële nood verkeer, of swak geword het vanweë die hoë ouderdom, of bedroef is omdat 'n dierbare dood is — wat staan jou dan te doen onder sulke omstandighede? Paulus sê in Gal. 6 : 2: "Dra mekaar se laste en gee op dié manier uitvoering aan die wet van Christus."

- As iemand swak is, versterk hom met Ps. 116:6: "Ek het swak geword, maar HY het my gehelp."
- As iemand in finansiële nood verkeer, bemoedig hom met Luk. 12:24: "Kyk na die kraai: Hulle saai nie en oes nie; hulle het geen spens of skuur nie, maar God sorg vir hulle. Julle is tog baie meer werd as voëls."
- As iemand bekommerd is, lees vir hom 1 Petrus 5:7 "Werp al julle bekommernisse op Hom, want Hy sorg vir julle."
- As iemand terneergedruk is omdat die dood tot hom gesprek het, bemoedig hom met 2 Kor. 17 en 18: "Ons swaarkry in hierdie lewe is maar gering en gaan verby, maar dit loop vir ons uit op 'n heerlikheid wat alles verreweg oortref en wat ewig bly."

Ons oog is nie op die sigbare gerig nie, maar op die onsigbare; want die sigbare is tydelik, maar die onsigbare ewig."

- As iemand bang is, praat hom moed in met Ps. 74:15 (berymd): "Ons is omring deur skrik en duisterheid uit donker plekke loer die onheilsmagte, maar bo ons skyn die helder sterrewagte van U verbond waarop ons voor U pleit."
- Hoe meer ons die Bybel lees, hoe beter sal ons weet hoe om liefde met die daad teenoor ons naaste uit te leef.

Ds. A. H. Grové.

"Moet ek dan my broer oppas?"

Tog seker nie! Hy kan mos na homself kyk. In hierdie lewe is dit nou maar eenmaal so: Elke man vir homself, en die res . . . "Los my uit, en ek sal jou ook nie pla nie" het in ons samelewing vir baie mense die logiese, aanvaarbare en basiese bestaansreël geword. Dit is al manier waarop jy kan oorleef, en buitendien is daar vandag soveel gespesialiseerde hulp beskikbaar.

Maar is hierdie hulp regtig hulp? Is dit in alle gevalle werklik voldoende?

Om die verskillende soorte hulp te illustreer, gebruik ons 'n eenvoudige voorbeeld. Stel uself voor: 'n Arme man sit op 'n spyker en verduur baie ongemak en groot pyn. Wie kan hom help, en hoe?

Die apteker kan aan hom 'n klomp pynpille gee om die pyn te verdoof. Die persoon self (as hy 'n "do it yourself" tipe is) kan die pyn verdrink met alkohol, of iets anders. Die chirurg kan die senuwees afsny sodat die pyn-boodskap nie die brein bereik nie. Die selfaangestelde simpatiserders en Jobstroosters kan langs die man kom staan en vir hom vertel hoe goed hulle sy pyn verstaan en begryp, maar hy moet maar uithou — daar kan nie veel aan gedoen word nie. Hy is nou so, en moet maar die beste maak van 'n slegte saak.

Lagwekkend? Miskien, maar nie so vergesog nie. Die oplossing is natuurlik voor die hand liggend. Iemand moet betrokke genoeg raak om deeglik na die probleem te kyk, die spyker raak te sien en dan vir die persoon te sê: "Staan op en kom sit hier, sodat ons 'n plan kan uitwerk om jou te help om nie weer in die toekoms op spyker te gaan sit nie!"

Die persoon wat hom die beste kan help (en móét help) is die persoon naaste aan hom — sy vrou, kinders, ouers, vriend(in), werkgewer(-nemer). Niemand ken hom so goed nie. Maar afgesien daarvan, is ons vir mekaar gemaak!

Die basiese bestaansreël vir elke mens is nie om te onttrek nie, maar om werklik betrokke te raak — só betrokke dat jy die spyker (selfs op 'n ongewone plek) kan raaksien en verwyder, of help verwyder.

Onthou dat God die mens gemaak het. Jy kan dit ontken as jy wil maar dit verander niks aan dié feit nie. God het jou gemaak, en Hy het jou nie gemaak om alleen te wees nie (Gen. 2:18). Ons mense is vir mekaar gemaak, om mekaar se "wagters" of "oppassers" te wees.

Soos Kain ontwyk ons dit egter, en verontskuldig ons onself met "moet ek dan my broer oppas?" (Gen. 4:9). Hierdie onbetrokkenheid en ongeërgdheid kan oorwin word wanneer ons kyk na Jesus Christus, die Seun van God, wat so betrokke geraak het dat Hy sy lewe afgelê het vir mense wat dit nie werd is nie. Hy het belowe dat wie in Hom glo, nie verlore sal gaan nie, maar die ewige lewe ontvang (Joh. 3:16). Wie Hom as Verlosser heelhartig en met volle oorgawe aanvaar, se oë en hart gaan oop vir elkeen wat op 'n spyker te lande kom, en met die Bybel (Gods Woord) in die hand (en die hart), wéét hy hoe om die spykers uit sy broer te haal. Die Bybel is immers ook dáárvor gegee (2 Tim. 3:16, 17).

Mag u ook eendag die wonderlike woorde uit die mond van Jesus Christus hoor: "Kom, julle wat deur my Vader geseën is! Die koninkryk is van die skepping van die wêreld af vir julle voorberei. Neem dit as erfenis in besit, want Ek was honger, en julle het My iets gegee om te eet; Ek was dors, en julle het My iets gegee om te drink; Ek was 'n vreemdeling, en julle het My gehuisves; Ek was sonder klere, en julle het vir My klere gegee; siek en julle het My verpleeg; in die tronk, en julle het My besoek . . . Dit verseker Ek julle: Vir sover julle dit aan een van die geringste van hierdie broers van My gedoen het, het julle dit aan My gedoen." (Matt. 25:34-40).

Ds. Coert van der Merwe.

Bid vir mekaar

Die mens se hoogste roeping hier op aarde is om God en sy medemens lief te hê en te dien.

In ons opdrag in Gods Woord oor ons naaste is daar 'n ryk verskeidenheid:

- wees goedgesind teenoor mekaar (Ef. 4:32)
- wees eensgesind onder mekaar (Rom. 12:16)
- leef in vrede met mekaar (1 Thess. 5:13)
- wees aan mekaar onderdanig (Ef. 5:21)
- na mekaar omsien (Heb. 10:24)
- gasvry teenoor mekaar wees (1 Pet. 4:9)
- mekaar vergewe (Kol. 3:13)
- mekaar se laste dra (Gal. 6:2)
- mekaar troos (1 Thess. 4:18)
- mekaar opbou (Ef. 4:15, 16).

En laaste maar nie die minste nie, ons moet vir mekaar bid. Hieroor kan ons 'n reeks Bybeltekste aanhaal. Hieroor is die Bybel baie duidelik: Ons moet vir mekaar voorbidding doen.

Ons moet bid vir die siekes, die swakkes, die eensames, die twyfelaars, die onverskilliges.

Ons moet bid vir ons dierbares, ons mede-gelowiges, ons familie en vriende;

Ons moet bid vir ons owerhede en almal wat oor ons gestel is;

Ons moet selfs bid vir ons vyande en dié wat ons vervolg.

Om waarlik vir mekaar te bid en voorbidding te doen, is die mees onbaatsugtige naastediens wat ons kan lewer. Dit is die sametrekking van al die maniere waarop ons geroep is om ons medemens te dien. Dit moet die fokuspunt wees van die wyse waarop ons, ons naastediens en naasteliefde beoefen.

Ons kan ons medemens in sy ellende so goed as moontlik probeer bystaan en help,

- ons kan vir die siekes die mees gespesialiseerde geneeskundige hulp kry,
- ons kan vir die verontregte die meeste en beste regsadvies voorsien,
- ons kan vir die armes en noodlydendes die mees professionele welsynsbystand of finansiële hulp gee,

maar as hierdie dinge nie gedra word deur ware en opregte voorbidding nie, het dit weinig nut.

Ons kan ook ons naaste wat tot 'n val gekom het, of die spoor byster geraak het, met alle mag probeer terugwen, maar:

- as daar nie vir hom gebid word nie;
- as hy nie aan die genadesorg van God opgedra word nie,
- en as die seën van die HERE nie op ons onderneming afgesmeek word nie,

sou al ons pogings vrugteloos wees.

Want uit onself het ons so min om aan te bied, ons is so onvolmaak in ons liefdebetoning aan ons medemens, ons skiet so ver tekort.

En sonder die seën en die bystand, en die troos van die Here kan geen naastediens tot heil van ons naaste wees nie. En God skenk ons dit op ons voorbidding — só leer die Bybel ons.

Daarin het Christus ons ook voorgedaan. Christus is ons Middelaar wat voortdurend vir ons by die Vader intree.

Hy is ons Voorbidder wat ons saak voor die genadetroon van God stel — ons Voorspraak op grond van die versoeningswerk wat Hy om ons ontwil gedoen het.

Van Hom het ons die opdrag ontvang, en aan Hom het ons dit te danke dat ons as Sy eiendom die bediening van die voorbidding in die hoogste belang van ons naaste mag beoefen.

En dan weet ons dat Hy ons pleitbesorger is aan die regterhand van die Vader, ook wanneer ons met die behoeftes van ons medemens voor Hom verskyn.

Deur getrou in die roeping tot voorbidding te volhard, word ons medearbeiders van God, en medestryders vir Sy saak in diens van ons naaste.

Ds. Pieter van der Walt.